



Die Winsbees The Profit Breed

Die Drakensberger is 'n wetenskaplike bees

Willie Landman en Jean van der Merwe is nie net kollegas in hulle ingenieursmaatskappy, M-Tech Industrial op Potchefstroom nie, maar is ook vennote in die Black Hills Drakensbergerstoet, 25km buite die dorp. Hulle glo die Drakensberger is by uitstek geskik vir 'n deelydse boerdery, asook 'n wetenskaplike benadering tot stoetteling.

"Deel van ons werk," verduidelik hulle, "is om vir kliënte tegno-ekonomiese studies te doen waarvolgens ons die beste tegniese oplossings vind wat ekonomies die meeste sin maak. Dis juis in hierdie konteks dat ons oortuig is daarvan dat die Drakensberger so 'n oplossing vir 'n beesboer is."

Willie is egter vinnig om by te voeg dat die heel eerste prioriteit in die keuse van 'n ras om mee te boer, 'n liefde vir daardie ras is.

Waarde vir geld

Die eerste aspek wat hulle uitlig, is die waarde vir geld wat die Drakensberger

bied. "As jy gaan kyk na hoe maklik dit is om met die Drakensberger te boer, kom eienskappe na vore wat die bees besonder maak. Die eerste twee is sekerlik temperament en langslendheid," sê hulle.

"Ons het beperkte arbeid op die plaas, maar as ons 'n groep van 60 koeie in die kraal moet kry om vinnig ná werk te gaan inent of wat ook al, kan ons twee manne op die plaas laat weet om die trop in die kraal gereed te hê as ons halfvyf die middag gou uitry plaas toe. Omdat die beeste so gemaklik werk, sal hulle rustig in die kraal wag en sal ons voor donker die inentings afgehandel kan hê."

Lang produktiewe lewe

Hulle meen die ander positiewe faktor is die Drakensberger se lang produktiewe lewe. "Om 'n dier aan die kalf te kry, neem tyd en koste. As sy dan produktief raak, maak dit sin om soveel moontlik kalwers uit haar te kry, en dis nie ongevoen vir 'n Drakensbergerkoei om tot 16 kalwers in haar leeftyd te produseer nie.

In ons kudde is verskeie koeie wat 15 jaar of ouer is."

'n Aspek wat ook daartoe bydra dat die Drakensberger so suksesvol in die hande van deelydse boere is, is dat die Drakensberger Telersgenootskap besonder versierende is. Hulle bied nie net baie goeie ondersteuning aan veral lede nie, maar het ook deur gekoördineerde streng seleksie die ras oor die afgelope klompie jare weggeneem van die tradisionele trekos wat dit honderd jaar gelede was tot 'n uiters doeltreffende en ekonomiese vleisbees.

"'n Baie belangrike aspek vir 'n deelydse boer is dat sy stelsels so doeltreffend as moontlik moet werk en so min as moontlik tyd in beslag moet neem. Die stelsels wat via Bengu Farm en SA Stamboek deur die genootskap gebruik word, voldoen aan al hierdie vereistes."

Ekonomiese produksie

As dit oor ekonomiese vleisproduksie gaan, is dit nie net die hoeveelheid kilogramme vleis per hektaar wat tel nie, maar ook die koste waarteen daardie vleis geproduseer kan word.

"Om met die minste insette die meeste geld volhoubaar te kan maak, verg 'n aanpasbare en geharde bees met uitstekende moedereienskappe. Of dit nou uiters droog of uiters nat is, uiters warm of uiters koud, die Drakensbergerkoei maak haar kalf groot en gee die boer 'n lewenskragtige speenkalf wat vinnig en doeltreffend sy potensiaal in die voerkraal of op die veld bereik. Dis die Drakensberger."



Daar is min dinge mooier as 'n trop blinkwart Drakensbergerkoeie.



Die Drakensberger is oor die afgelope klompie jare ontwikkel tot 'n uiters doeltreffende en ekonomiese vleisbees met goeie vleisdravermoeë.

Vir meer inligting, skakel die Drakensberger Beestelersgenootskap by 051 410 0968, stuur 'n epos aan drakensberger@studbook.co.za of besoek die webtuiste www.drakensbergers.co.za.